SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2016

# REKENINGKUNDE
## RIGLYNE VIR MERK
**(MEMORANDUM)**

**PUNTE: 300**

**ALGEMENE BEGINSELS:**

1 Waar bewerkings gevra word, ken volpunte toe vir die korrekte finale antwoord. Indien die antwoord verkeerd is, merk die bewerkings. Indien 'n bewerkingsbedrag gegee word as die finale antwoord, ken punte toe vir die relevante bewerkings (Inkomstestaat), maar geen metodepunte vir die antwoord nie.

2 Metodepunte word as volg aangedui: ☑.
- In die berekeninge en finale totale moet ten minste een deel korrek wees om die metodepunt te kan verdien. By totale moet die bewerking en die redelike moontlikheid van die antwoord gekontroleer word voordat die punt toegeken word.
- In gevalle waar antwoorde van vorige vrae gebruik moet word, kontroleer of die bedrag korrek oorgedra is.
- Tensy dit anders aangedui word, moet die positiewe of negatiewe effek van enige bedrag in ag geneem word om die punte te kan toeken. Indien geen teken (+/-) of hakie voorsien word nie moet die bedrae as positief aanvaar word.
- Wanneer metodepunte toegeken word, moet u seker maak dat volpunte nie toegeken word aan enige item wat gedeeltelik verkeerd was nie.

3 Vir vrae waar verduidelikings en kommentaar (2 punte of meer), gevra word, moet deelpunte toegeken word. 'n Goeie verduideliking sal gewoonlik die korrekte antwoord gee en dit verduidelik. Wees bedag op kandidate wat geldige antwoorde buite die memorandum gee en op verskillende maniere om dieselfde ding te sê. Hierdie merkriglyne het slegs voorgestelde antwoorde.

4 Waar leerders gepenaliseer word (vir vreemde items, misplaaste items, ontbrekende besonderhede, ens.) kan die punte vir daardie afdeling nie negatief wees nie. Die penalisering moet langs die relevante vraag aangedui word, waar van toepassing.

5 Van nasieners word verwag om deur die vraestel te werk en hul antwoorde met die riglyne te vergelyk *voor* hulle begin merk. Maak die nodige aanpassings, waar nodig, terwyl u steeds binne die raamwerk van die puntetoekenning bly.

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

# VRAAG 1 KOSTE BEREKENINGE - VERVAARDIGING

## 1.1 Pas die terme:

| | | |
|---|---|---|
| **1.1.1** | B | ✓ |
| **1.1.2** | A | ✓ |
| **1.1.3** | D | ✓ |
| **1.1.4** | C | ✓ |
| **1.1.5** | E | ✓ |

**5**

## 1.2 BEECUM BOUERS

### 1.2.1 Bereken:

**Direkte grondstofkoste**

23 500 ✓ + 488 400 ✓ + 14 230 ✓ – 8 600 ✓ – 34 530 ✓
= 483 000 ☑ Een deel korrek

Aanvaar alternatiewe aanbiedings; asook 'n grootboekrekening.

**6**

**Direkte arbeidskoste**

5 x 1 840 x R45,60 = 419 520 ✓☑*
5 x 77 x R68,40 ✓ = 26 334 ☑*
419 520 ☑ x 10% = 41 952 ☑*
(lone vir gewone tyd)
Totaal = 487 806 ☑*
* Een deel korrek

**7**

### 1.2.2 FABRIEKSBOKOSTE

| | R |
|---|---|
| Indirekte grondstofkoste | 22 450 ✓ |
| Indirekte arbeid | 81 000 ✓ |
| Huuruitgawe (278 400 x $^5/_8$) | 174 000 ✓✓ |
| Water en elektrisiteit (134 900 x 75%) | 101 175 ✓✓ |
| Versekering (46 800 x $^2/_3$) | 31 200 ✓✓ |
| Diverse fabrieksuitgawes | 38 699 ✓ |
| | 448 524 ☑ |

Geen deelpunte vir bewerkings

**10**

1.2.3

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN BEECUM BOUERS**
**GOEDERE-IN-BEWERKINGREKENING**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2015 Mrt | 1 | Saldo | a/b | 27 270 ✓ | 2016 Feb | 29 | Klaarprodukte voorraad Balanserende bedrag | | 1 420 000 ☑ |
| 2016 Feb | 29 | Direkte grondstofkoste | | 483 000 ☑* | | | Saldo | o/b | 26 600 ✓ |
| | | Direkte arbeidskoste | | 487 806 ☑* | | | | | |
| | | Fabrieksbokoste | | 448 524 ☑* | | | | | |
| | | | | 1 446 600 ☑ | Een deel korrek | | | | 1 446 600 |
| 2016 Mrt | 1 | Saldo | a/b | 26 600 ✓ | *Kontroleer oordrag van bedrae van 1.2.1 en 1.2.2 Bedrag en besonderhede om punt te verdien. | | | | |

8

1.2.4 **Berekening van bruto wins**

Koste van verkope : 37 275 ✓ + 1 420 000 ☑ – 42 600 ✓ = 1 414 675 ☑*

Verkope (eenhede) 210 + 8 000 – 240 = 7 970 ✓✓ banke verkoop x R250 = 1 992 500 ☑*

Bruto wins : 1 992 500 – 1 414 675 = 577 825 ☑*

Of 250 – 177,50 = 72,5 x 7 970 = 577 825

* Een deel korrek

8

## 1.3 ZONDO VERVAARDIGERS

1.3.1

| | |
|---|---|
| **(a)** | 12 480 x R7,00 = 87 360 ✓✓ |
| **(b)** | 374 400/12 480 = R30 ✓✓ |

4

1.3.2 **Verifieer die aantal eenhede vir die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2016 deur ’n berekening te wys.**

25 x 12 480 of (224 640 + 87 360)

312 000 ✓☑ Een deel korrek in bewerking. = 12 000 (gegee)

R92,50 ✓– (28 + 30 + 8,50)

66,50 ☑

4

1.3.3 **Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt en die vlak van produksie vir beide jare. Haal relevante syfers aan in jou kommentaar.**

Geldige kommentaar ✓✓ aanhaal van syfers ✓✓

Vergelyk gelykbreekpunt met die vlak van produksie – die besigheid het 12 480 eenhede vervaardig, wat 480 eenhede meer is as die gelykbreekpunt. Maak ’n klein wins. Hulle moet produksie verhoog om wins te verhoog.
**Of**
Vergelyk produksie van 2015 met 2016 – die besigheid het 680 eenhede meer geproduseer as verlede jaar.
**Of**
Gelykbreekpunt het verhoog van 11 800 tot 12 000 eenhede. Die besigheid het nie verlede jaar ’n wins gemaak nie (gelyk gebreek nie), maar het dit reggekry om produksievlakke hierdie jaar te verhoog.

4

1.3.4 **Gee ŉ geldige rede vir die verandering in direkte grondstofkoste per eenheid.**

Enige geldige rede ✓✓ verwys na berekening (b)

- 20% toename is groter as inflasie.
- Moontlik addisionele vervoerkoste.
- Skaarste aan voorraad van verskaffers het prys opgestoot (vraag en aanbod).
- Vermorsing in die fabriek.
- Swak opgeleide werkers.
- Diefstal van voorraad.

**2**

1.3.5 **Gee EEN voorstel wat die besigheid kan gebruik om produktiwiteit en winsgewendheid te verbeter. Haal syfers aan.**

EEN geldige voorstel ✓✓

- Verminder koste – 20% toename in direkte grondstofkoste.
- Beheer die gebruik van grondstowwe. Lei werkers op om meer doeltreffend te werk.
- Soek na goedkoper verskaffers; plaaslik om vervoerkoste te verlaag.
- Bied aansporingsvoordele aan werkers om meer te produseer – slegs 680 eenhede meer as verlede jaar en 480 meer as gelykbreekpunt. Werkers se verhoging was 9%.
- Spandeer meer geld aan advertensies om verkope te verhoog – daar was ‘n afname in verkoops- en verspreidingskoste van 8,90 tot 8,50 per eenheid.
- Daar was slegs ŉ 11% toename in die prys van banke – winsgrens kan meer wees. (40% winsgrens word tans gebruik)

**2**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 1** | **60** | |

# VRAAG 2 REKONSILIASIES, INTERNE BEHEER EN BTW

## 2.1 KREDITEUREREKONSILIASIE

2.1.1

| | Aansuiwerings tot die krediteuregrootboekrekening Titan Verskaffers | Krediteurerekonsiliasie (aansuiwerings tot die staat) |
|---|---|---|
| **Saldo** | **38 705** | **33 003** |
| **(i)** | | (900) ✓✓ |
| **(ii)** | (1 040) ✓✓ | |
| **(iii)** | (2 500) ✓✓ | |
| **(iv)** | 625 ✓✓ | |
| **(v)** | | 375 ✓✓ |
| **(vi)** | 248 ✓✓ | |
| **(vii)** | | 3 560 ✓✓ |
| | 36 038 ☑ | 36 038 ☑ |

1 punt elk vir elke bedrag en 1 punt elk vir die korrekte gebruik hakies/geen hakies.
-1 vir elke oortollige inskrywing per reël.

**16**

2.1.2 **Watter advies kan jy die eienaar gee oor hierdie transaksie? Haal ’n gepaste AARP beginsel aan in jou antwoord.**

Goeie verduideliking met die AARP beginsel ✓✓✓ bevredigende verduideliking ✓✓ swak ✓ verkeerd 0

- Dit is nie goeie sakepraktyk om persoonlike transaksies met die besigheid s’n te kombineer nie. *Besigheidsentiteitsbeginsel*.
- Die rekords van die besigheid moet slegs die besigheid se transaksies bevat sodat die prestasies van die besigheid korrek bereken kan word.
- Die eienaar se transaksies met die besigheid moet as onttrekkings aangeteken word om ’n vermindering in sy eienaarsbelang te toon.

**3**

2.1.3 **Die interne ouditeur wil die interne beheer oor voorraad en krediteure verbeter. Gee TWEE beheermaatreëls wat hy kan oorweeg.**

Enige TWEE geldige beheermaatreëls ✓✓ ✓✓

- Duidelike prosedures hê vir bestel, dokumentering, ontvangs en uitreiking van goedere.
- Byhou van alle dokumente en maak seker dat die regte mense die nodige dokumente betyds ontvang.
- Gereelde en willekeurige kontrolering van voorraad met die rekords om verliese en/of bedrog/diefstal op te spoor.
- Hou voorraadrekords op datum met verkope sodat voorraadophoping nie plaasvind nie.
- Rotasie en verdeling van pligte vir beter beheer.

**4**

2.2 **BTW**

2.2.1

| | | |
|---|---|---|
| a) | Onwaar | ✓ |
| b) | Onwaar | ✓ |
| c) | Waar | ✓ |

**3**

2.2.2

| | | |
|---|---|---|
| a) | Inset BTW | ✓ |
| b) | SAID | ✓ |

**2**

2.2.3

| BEDRAG, BTW UITGESLUIT | BTW BEDRAG | BEDRAG, BTW INGESLUIT |
|---|---|---|
| **14 500** | **(a)** 2 030 ✓✓ | **(b)** 16 530 ✓✓ |
| **(c)** 35 600 ✓✓ | **(d)** 4 984 ✓✓ | **40 584** |

**8**

2.2.4

- **Watter advies het jy vir Ernest oor hierdie transaksie? Verduidelik.**

Advies ✓✓ en verduideliking ✓✓ (gee deelpunte vir onvolledige/kort antwoorde)

**ADVIES:**

Ek sal Ernest aanraai om nie betrokke te raak by sulke praktyke nie. Hy moet die langtermyn voordele van sy besigheid in ag neem en probeer om die besigheid se reputasie te bou op gesonde morele en sake-etiek.

**VERDUIDELIKING :** moontlike antwoorde

- Ernest sal betrokke raak by bedrieglike transaksies.
- Hy sal ook die SAID bedrieg met BTW wat op daardie aankope oorbetaal moes word. Dieselfde geld vir die BTW wat hy moet hef op die verkoop van hierdie goedere.
- Hy sal ook die bestuurder van Pinetown Groothandelaars aanmoedig om te “steel” van sy maatskappy.
- Dit is oneties en as hy betrap word, kan hy skuldig bevind word aan ŉ kriminele oortreding.
- Dit sal ŉ negatiewe effek hê op die beeld van sy onderneming.

**4**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 2** | **40** | |

## VRAAG 3 VASTE BATES EN FINANSIËLE STATE

3.1.1

### ALGEMENE GROOTBOEK VAN MONDAY HANDELAARS
### OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP TOERUSTING

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2015 Okt | 31 | Bateverkope ✓ | | 66 200 ✓ | 2015 Mrt | 1 | Saldo | a/b | 172 500 ✓ |
| | | Saldo | o/b | 154 100 ☑ | Okt | 31 | Waardevermindering ✓ | | 4 200 ✓✓ |
| | | | | | 2016 Feb | | Waardevermindering (32 600 ✓✓ + 11 000 ✓✓) | | 43 600 ☑ |
| | | | | 220 300 | | | | | 220 300 |
| | | | | | Mrt | 1 | Saldo | a/b | 154 100 |

93 500 – 62 000 x 20% x $^{8}/_{12}$ = 4 200

273 500 – 110 500 x 20% = 32 600

165 000 x 20% x $^{4}/_{12}$ = 11 000

**12**

### BATEVERKOPE

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2015 Okt | 31 | Toerusting ✓ | | 93 500 ✓ | 2015 Okt | 31 | Opgeh wvm op toerust ✓ (62 000✓ + 4 200 ☑) | | 66 200 ☑ |
| | | Wins met verkoop van bate ✓ | | 2 300 ☑ | | | Krediteurekontrole ✓ | | 29 600 ✓ |
| | | | | | | | | | |
| | | | | 95 800 | | | | | 95 800 |
| | | | | | | | | | |

**10**

## 3.2 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE

| | | |
|---|---|---|
| **Debiteurekontrole** (48 220 ✓– 3 220 ✓) | | 45 000 ✓ |
| Voorsiening vir oninbare skuld | 4% van Debiteurekontrole se saldo | (1 800) ☑ |
| Netto handelsdebiteure | Nie nodig om te toon nie | 43 200 |
| Opgelope inkomste | *4 000 ☑ + 2 550 ☑ (*10 200 – 7 650) | 6 550 2 punte |
| Vooruitbetaalde uitgawes | Verwys na Versekeringsuitgawe | 2 340 ☑ |
| | Bewerking, een deel korrek | 52 090 ☑ |

**8**

*Verwys na Huurinkomste en Rente-inkomste

3.3 **MONDAY HANDELAARS**
**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2016**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Verkope** | | **852 000** | |
| | **Koste van verkope** | 852 000 x $^{100}/_{150}$ | (568 000) | ✓✓ |
| | **Bruto wins** | Bewerking; moet afgetrek word | 284 000 | ☑ |
| | **Ander inkomstes** | Bewerking; kontroleer | 76 000 | ☑ |
| | Huurinkomste | (42 500 ✓ + 4 000 ✓✓) | 46 500 | ☑* |
| | Kommissie-inkomste | | 19 440 | ✓ |
| | Wins met verkoop van bate | Verwys na 3.1.1 | 2 300 | ☑ |
| | Diverse bedryfsinkomstes | | 7 760 | ✓ |
| 13 | **Bruto bedryfsinkomste** | Bewerking; kontroleer | 360 000 | ☑ |
| | **Bedryfsuitgawes** | Bewerking; kontroleer | (250 000) | ☑ |
| | Salarisse en lone | | 141 360 | ✓ |
| | Verbruiksgoedere | (9 370 ✓ – 880 ✓) | 8 490 | ✓ |
| | Oninbare skuld | (3 980 ✓ + 3 220 ✓) | 7 200 | ✓ |
| | Versekering | (14 740 ✓ – 2 340 ✓✓) | 12 400 | ☑* |
| | Herstelwerk en onderhoud | (13 930 ✓+ 5 320 ✓) | 19 250 | ✓ |
| | Waardevermindering | (4 200 ☑+ 43 600 ☑) | 47 800 | ☑* |
| | Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering (1 800 – 1 420) | | 380 | ✓✓ |
| | Handelsvoorraadtekort | | 2 460 | ✓ |
| | Diverse bedryfsuitgawes | | 10 660 | ✓ |
| 23 | **Bedryfswins** | Bewerking; kontroleer | 110 000 | ☑ |
| | Rente-inkomste | (120 000 x 8,5%) | 10 200 | ✓✓ |
| | **Wins voor rente-uitgawe** | | 120 200 | |
| | Rente-uitgawe | (742 000 – 709 400) | (32 600) | ✓✓ |
| 6 | **Netto wins vir die jaar** | Bewerking; moet afgetrek word | 87 600 | ☑ |

**40**

* Een deel korrek
-1 (maks -2) vir vreemde items; misplaaste items word verkeerd gemerk.

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 3** | **70** | |

# VRAAG 4 VENNOOTSKAPPE – GROOTBOEKREKENINGE EN INTERPRETASIE

4.1 **ALGEMENE GROOTBOEK VAN FOUNTAIN HANDELAARS**
**PRIVAATREKENING: KEENAN**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2016 Aug | 1 | Onttrekkings: Keenan | | 245 600 Balanserend ☑ | 2015 Sept | 1 | Saldo | a/b | 32 700 ✓ |
| | | Saldo | o/b | 104 850 ✓ | 2016 Aug | 31 | Salaris: Keenan | | 225 216 ✓ |
| | | | | | | | Rente op kapitaal | | 60 750 ✓ |
| | | | | | | | Bonus | | 13 784 ✓ |
| | | | | | | | Verdelingsrekening (36 000 X ½ ) | | 18 000 ✓✓ |
| | | | | 350 450 | | | | | 350 450 |
| | | | | | 2016 Sept | 1 | Saldo | a/b | 104 850 ✓ |

Besonderhede en bedrae korrek om punte te verdien.

**9**

4.2 **FINANSIËLE AANWYSERS**

4.2.1 **Vuurproefverhouding:**

(165 600 ✓– 62 200 ✓) : 66 240 ✓

= 1,56 : 1 ☑ Een deel korrek ; moet wees x : 1 (aanvaar 1,6 : 1)

**4**

4.2.2 **Skuld/ekwiteitsverhouding:**

425 000 ✓ : 1 700 000 ✓

0,25 : 1 ☑ Een deel korrek ; moet wees x : 1 (aanvaar 0,3 : 1)

**3**

4.2.3 **Persentasie opbrengs verdien deur die vennote:**

697 700

$$\frac{643\,700 ✓ + 36\,000 ✓ + 18\,000 ☑}{1/2 ✓ (1\,270\,300 ✓ + 1\,700\,000 ✓)} \times 100 = 46{,}9\% ☑ \text{ (aanvaar 47\%)}$$

1 485 150

Een deel korrek ; moet % wees.

**7**

4.3

| |
|---|
| **Die vennote is bekommerd oor die likiditeitsposisie van die besigheid. Verduidelik waarom hulle so voel. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou verduideliking te steun.**<br><br>Verhoudings en syfers wat die neiging aandui ✓✓ ✓✓<br>Kommentaar ✓✓ (Kan kommentaar oor die algemeen wees of kommentaar op elke verhouding.)<br><br>Bedryfsverhouding het gedaal van 3 : 1 tot 2,5 : 1.<br>Vuurproefverhouding het gedaal van 2 : 1 tot 1,6 : 1 (Verwys na 4.2.1).<br>Debiteure invorderingstermyn het verswak van 33 dae tot 38 dae.<br><br>Verduideliking:<br>Die bogenoemde finansiële aanwysers toon dat, alhoewel die besigheid tans nog sy korttermyn verpligtinge kan nakom, hulle afstuur op likiditeitsprobleme indien regstellende maatreëls nie toegepas word om dit te verbeter nie. Hierdie maatreëls moet die verbetering van debiteure invorderingstermyn insluit. |

| |
|---|
| |
| **6** |

4.4

| |
|---|
| **Lewer kommentaar oor die persentasie-opbrengs deur vennoot Lyanda verdien. Behoort sy tevrede met hierdie persentasie te wees? Verduidelik en haal relevante finansiële aanwysers en/of syfers aan.**<br><br>Ja/Nee ✓<br><br>Finansiële aanwysers met vergelykende syfers ✓✓<br>Kommentaar ✓✓<br><br>Lyanda het 'n hoë opbrengs verdien (54%). Dit is beter as die opbrengs op alternatiewe beleggings. Sy mag dalk ontevrede wees a.g.v. die daling vanaf verlede jaar (56%) en die feit dat Keenan 'n baie hoë verdienste (90%) verdien het, wat ook 'n verbetering in sy verdienste van verlede jaar (84%) was. |

| |
|---|
| |
| **5** |

4.5

| |
|---|
| **Vennoot Keenan voel die besigheid behoort die lening te verhoog. Vennoot Lyanda wil nie meer skuld maak nie. Verduidelik kortliks wie jy sal ondersteun. Voorsien TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om jou antwoord te motiveer.**<br><br>Finansiële aanwysers met vergelykende syfers ✓✓ ✓✓<br>Kommentaar – motivering om een vennoot te ondersteun ✓✓<br><br>Finansiële aanwysers:<br>Skuld/ekwiteitsverhouding was 0,6 : 1 en is nou 0,25 : 1. (Verwys na 4.2.2.)<br>Opbrengs op kapitaal aangewend was 30,3% en is nou 33,5%.<br><br>Kommentaar:<br>Die besigheid is laaggerat en ook positief gerat. Die lening word effektief aangewend om 'n hoë opbrengs te genereer.<br>Daar was geen dringendheid om die lening terug te betaal nie.<br>Ondersteun vir Keenan aangesien die lening slegs 12% kos, maar in staat is om 33,5% opbrengs te genereer. |

| |
|---|
| |
| **6** |

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 4** | **40** | |

## VRAAG 5 BEGROTINGS

**5.1 Lys TWEE items in die Geprojekteerde Inkomstestaat hieronder, wat nie in 'n Kontantbegroting sal verskyn nie.**

Enige TWEE van: ✓ ✓

Korting ontvang
Waardevermindering
Oninbare skuld

**2**

**5.2 Voltooi die Debiteure Invorderingskedule om die totale bedrag wat na verwagting gedurende November 2016 van debiteure ontvang sal word, aan te toon.**

| MAAND | KREDIETVERKOPE | | NOVEMBER 2016 |
|---|---|---|---|
| Oktober | 98 000 ✓ | x 53% | 51 940 ✓✓ |
| November | 102 900 ✓ | x 45% | 46 305 ✓✓ |
| TOTAAL | | | 98 245 ☑ |

**7**

**5.3.1 Verwagte verkope in Desember 2016**

102 900 ✓ x 120% ✓ = 123 480 ☑ Een deel korrek

**3**

**5.3.2 Die persentasie bruto wins op verkope vir Oktober 2016**

19 600 ✓/98 000 ✓ x 100 = 20% ☑ Een deel korrek

**3**

**5.3.3 Die persentasie verhoging in huurinkomste**

780 ✓✓

$\frac{7\,280 - 6\,500}{6\,500 \checkmark} \times 100 = 12\%$ ☑ Een deel korrek

**4**

**5.3.4 Die persentasie kommissie om na verwagting elke maand te ontvang**

$\frac{4\,900}{98\,000} \times 100 = 5\%$ ✓✓ **of** 5 145/102 900 x 100 = 5%

(Geen deelpunte)

**2**

5.3.5 **Die bedrag vir versekering vir elke maand**

$\frac{2\,400 \checkmark}{3 \checkmark}$ = 800 ☑ Een deel korrek ;

| 3 |
|---|

5.3.6 **Die leningsbedrag wat op 1 Desember 2016 terugbetaal sal word**

a x 0,1 x 1/12 = 2 500 a = 300 000 ✓✓
b x 0,1 x 1/12 = 2 000 b = 240 000 ✓✓

Bedrag betaal is 300 000 – 240 000 = 60 000 ☑ Een deel korrek

| 5 |
|---|

5.4

| | KOMMENTAAR ✓ ✓ ✓ | ADVIES ✓ ✓ ✓ |
|---|---|---|
| **Verkope** | Ontvang minder as die begrote bedrag / te veel begroot / verwagte verkope was hoër as wat werklik ontvang is. Nie goed beheer nie. | Monitor verkope deeglik / brei die teikenmark uit / lewer na-verkoopdienste / kortings / verlaag winsopslag / uitverkopings / bied verkoopspersoneel kommissie op verkope as vergoeding. |
| **Advertensies** | Minder as die begrote bedrag is spandeer / te veel begroot / advertensies was nie effektief nie / mag dalk oorsaak wees van swak werklike verkope. | Gebruik begrote bedrag effektief / ondersoek ander vorme van advertensies soos strooibiljette / plakkate / spesiale aanbiedings / maak seker dat dit 'n persentasie is van verkope. |
| **Telefoon** | Te min begroot / te veel spandeer / Telefoon is meer gebruik as verwag/ telefoon word dalk misbruik / Nie goed beheer nie. | Monitor die gebruik van die telefoon / hou 'n rekord boek / laat werkers kodes gebruik / kontroleer die state / beperk private gebruik. |

| 6 |
|---|

| **VRAAG 5** | **35** | |
|---|---|---|

## VRAAG 6 NIE-WINSGEWENDE ORGANISASIES, VOORRAADSTELSELS en PROBLEEMOPLOSSING

6.1.1

| | |
|---|---|
| **(a)** | Opgelope inkomste ✓ |
| **(b)** | Vooruitontvange inkomste ✓ |
| **(c)** | Bank ✓ (terugbetalings) |
| **(d)** | Honorarium ✓ |

**4**

6.1.2

| | |
|---|---|
| **(e)** | 13 500 ✓✓ |
| **(f)** | 2 X 2 400 = R4 800 ✓✓ |

**4**

6.1.3

**Bereken die fooie wat afgeskryf is op 31 Desember 2015**

31 200 ✓ – 16 800 ✓ = 14 400 ☑

**3**

**Die aantal lede wat agterstallig was met hul ledegeld vir 2015**

35 100 ✓/ 2 700 ✓ = 13 lede ☑

**3**

**Bedrag na Inkomste en Uitgawerekening**

| | |
|---|---|
| 280 – 9 – 6 = 265 lede moet betaal. | |
| 265 – 13 ☑ (agterstallig) 252 x 2 400 | 604 800 ☑ |
| Agterstallige bedrag (13 lede) | 35 100 ☑ |
| 12 nuwe lede x R2 200 ✓ | 26 400 ✓ |
| 8 nuwe lede teen R675 ✓ | 5 400 ✓ |
| TOTAAL | 671 700 ☑ |

**8**

6.1.4 **Voorsien bewyse uit die inligting wat die voorsitter se bekommernis staaf. (Gee TWEE punte.)**

Enige TWEE van: ✓✓ ✓✓

Groot bedrae ledegeld uitstaande van 2014 : 31 200 (13 lede)
Ledegeld afgeskryf: 14 400 (6 lede)
Groot bedrae ledegeld uitstaande vir 2015 : 35 100 (13 lede)
Bedankings : 9 lede
Nuwe lede : slegs 20 in hierdie jaar (7% van ledetal)

4

**Voorsien TWEE voorstelle om hierdie probleem op te los**

Enige TWEE voorstelle ✓ ✓

Stuur vroegtydig herinneringe uit.
Bied voordele aan vir vroeë betalings bv. kortings, gratis kaartjies, ens.
Laat betalings in paaiemente toe (maandeliks).
Gebruik ŉ debietorder stelsel.
Verbeter die beeld van die klub om nuwe lede te trek, bv. borgskappe, goeie pryse en inter-klub kompetisies.

2

6.2.1 **Verduidelik EEN verskil tussen die deurlopende voorraadstelsel en die periodieke voorraadstelsel.**

Enige EEN geldige verskil verduidelik ✓✓

| ***Deurlopende voorraadstelsel*** | ***Periodieke voorraadstelsel*** |
|---|---|
| Koste van verkope word bereken by die verkoopspunt. | Koste van verkope word bereken aan die einde van die finansiële periode. |
| Waarde van voorraad kan enige tyd bepaal word (uit rekords). | Waarde van voorraad word bepaal deur voorraad te tel. |
| Koste van verkoperekening word gebruik. | Aankoperekening word gebruik. |
| Voorraad aangekoop gesien as ŉ bate. | Voorraad aangekoop gesien as ŉ uitgawe. |

2

6.2.2 **Ontleding van transaksies:** **(dui die toename of afname aan onder B, E en L)**

| **NO** | **REKENING GEDEBITEER** | **REKENING GEKREDITEER** | **BATE** | **EIENAARS-BELANG** | **LAS** |
|---|---|---|---|---|---|
| **(ii)** | Vraggeld op aankope ✓ | Bank ✓ | - 92 200 ✓ | - 92 200 ✓ | + 92 200* |
| **(iii)** | Krediteurekontrole ✓ | Krediteureafslag ✓ | | + 45 300✓ | - 45 300 ✓ |

*Indien Bank as ŉ las aanvaar word..

8

6.2.3 **Koste van verkope**

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ☑
134 600 + 622 400 + 92 200 – 45 300 – 5 500 – 3 750 – 98 350 = 696 300

Aanvaar alternatiewe aanbiedinge soos die omkeer van die tekens, grootboekrekening of ŉ aanpassing van die Aankoperekening.

8

## 6.3 PROBLEEMOPLOSSING

| | **PROBLEEM (MET SYFERS)**<br>Probleem ✓ ✓ ✓ syfer ✓ ✓ ✓ | **VOORSTEL**<br>✓ ✓ ✓ |
|---|---|---|
| **QUEENS TAK** | • Vermiste eenhede van voorraad (50 – 35) = 15 eenhede<br>• Lae advertensiekoste – 0,7% van verkope | Benodig meer effektiewe voorraadbeheer.<br>Kontroleer voorraad met rekords.<br>Verbeter sekuriteit.<br>Begroot vir meer advertensies en meet of dit verkope vermeerder. |
| **COFIMVABA TAK** | • Lae verkope 40/160 eenhede<br>• Hou te veel voorraad aan, 120 eenhede<br>• Hoë advertensiekoste R6 720, toon nie resultate nie (15% van verkope)<br>• Hoë salaris vir verkoopsman, R7 500 | Betaal verkoopsman kommissie om verkope te verbeter.<br>Dra voorraad oor na Tsolo tak.<br>Monitor advertensies om seker te maak daar is nie misbruik nie – brei die mark uit. |
| **TSOLO TAK** | • Geen voorraad om aan vraag te voldoen nie (voorraad op) – nil (85 – 85)<br>• Deposito's van geld uit verkope is R13 440 te min. | Monitor deposito's, versoek kennisgewings van bank, verdeling van pligte, wissel bestuurders, dra meer voorraad oor na hierdie tak. |

**9**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 6** | **55** | |

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou